Privaatsak X2038
OBERHOLZER
2502

Tel.: (018) 787 4171
Faks: (018) 787 4172

Webtuiste adres:
www.laerskooldagbreek.co.za

Laerskool Dagbreek

GAUTENG DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

OMSENDBRIEF 17/2018 **25 September 2018**

Geagte Ouers

Ons bring graag die volgende onder u aandag.

1. **Skoolbegroting**
   Die skool se begroting sal tydens die Algemene Jaarvergadering vir ons ouers aan u voorgehou word vir goedkeuring. Dit is baie belangrik dat u die vergadering sal bywoon. Die skoolgeld vir 2019 sal ook tydens hierdie geleentheid aan u voorgehou word vir goedkeuring en dit raak elkeen van u.

   Dit is baie belangrik dat u die vergadering op **25 Oktober 2018** sal bywoon. Ons moet 'n kworum ouers hê om die begroting goed te keur. Ander belangrike sake sal ook tydens hierdie vergadering bespreek word naamlik toere en uitstappies en die kostes daaraan verbonde.

   Die begroting is beskikbaar by die skool ter insae vanaf 12 Oktober 2018. Indien ons nie 'n kworum is nie, sal die begroting outomaties goedgekeur word op 14 November, sonder u insette.

2. **Revue**
   Revue-optredes sal hierdie week plaasvind op die volgende dae: Dinsdag 25 September om 18:30, Woensdag 26 September om 14:00 en 18:30 en Donderdag 27 September om 18:30.

   Baie sterkte aan elke deelnemer en afrigter. Ons vertrou dat dit baie mooi sal verloop en dat almal hierdie wonderlike geleentheid sal geniet.

   Daar is nog enkele kaartjies beskikbaar vir die middagvertoning op Woensdag 26 September. U is welkom om kaartjies te kom koop vir hierdie vertoning by Me. Marinda de Bruin in die kantoor, teen R30 elk.

3. **Rapporte**
   U kind sal sy/haar rappport vir die derde kwartaal op Vrydag 28 September ontvang. Die rapporte sal vanaf 10:00 uitgedeel word aan die leerlinge. As u self die rapport kom haal kan u, u kind net uitteken as hy/sy dan saam met u huis toe gaan.

admin@dagbreek.co.za

4. **Vakansie**

Die skool sluit Vrydag 28 September 2018 om 10:30 en heropen weer op Dinsdag 9 Oktober 2018.

Ons hoop dat die leerlinge hierdie kort rustyd sal geniet. Die vierde kwartaal is kort en vol uitdagings en daar sal van elke leerder verwag word om baie hard te werk die laaste kwartaal

5. **Buitemuurse aktiwiteite**

Hokkie: Baie geluk aan die Hokkie-dogters van o/7 tot o/13 met hul harde werk en goeie vertonings op die hokkieveld! Ons is baie trots op julle!

Baie geluk ook aan die volgende dogters wat tydens die o/11 en o/12 proewe gekies is om aan verdere proewe te gaan deelneem: Inge Grobler, Cay-Deanne Kruger en Leané Nel.

Krieket: Baie geluk aan die krieketspanne wat ook goed presteer het die afgelope seisoen. Hulle is nog besig met hul onderskeie ligas en ons wens hulle sterkte toe met die laaste wedstryde.

Tennis: Dit het baie goed gegaan met ons Tennis-span die afgelope seisoen. Hulle het ook aan die Krugersdorp-liga deelgeneem en het deurgedring na die semi-finale wat vroeg in die vierde kwartaal gespeel sal word. Baie geluk! Ons is werklik baie trots op elkeen van julle.

6. **Advertensieborde**

Besighede wat advertensieborde by Laerskool Dagbreek se parkeerarea wil aanbring, kan dit doen teen R100 per maand of R1000 per jaar. Kontak asseblief die skool (018 787 4171) as u belangstel, vir verdere inligting.

7. **Veiligheid**

Leerlinge wat vir hul ouers wag, moet asseblief by die wagarea wag. Die wagarea is onderdak en daar is bankies waarop die leerlinge kan sit. Geen kind mag êrens anders op die terrein speel of wag nie. Die hekke sal om 14:30 gesluit word en as u later u kind moet kom afhaal, moet u, u kind by die hek aan die Westekant van die skool kry (by die parkeerarea/aflaaisone).

Daar sal gedurende die vakansie nuwe hekke aangebring word. Daar gaan baie uitdagings wees, maar ons doen dit alles ter wille van die veiligheid van ons kinders.

Let asseblief daarop dat daar nie toesig is vir u kind op die terrein na skool nie. Leerlinge mag nie alleen op die terrein wag tot u hulle na werk kom oplaai nie. Tref asseblief reëlings met 'n nasorgsentrum om na u kind om te sien in die middae. Die skool sal geen aanspreeklikheid neem vir enige beserings of skade nie.

8. **Skoolfonds**

Baie dankie aan al die ouers wie se skoolfonds tot op datum betaal is. As u kind se skoolfonds agterstallig is, doen ons 'n vriendelike beroep op u, om die skoolgeld so gou as moontlik tot op datum te betaal.

Goeie onderrig en 'n veilige skoolomgewing kan slegs geskep word as die skool oor die nodige fondse beskik.

9. **Belangrike datums**

Dinsdag	25 September	- Revue optrede 18:30
		-Krieket teen Bekker 0/10 tuis; 0/11 weg
Woensdag	26 September	- Revue optrede 14:00 en 18:30
Donderdag	27 September	- Revue optrede 18:30
		-Krieket teen Bekker 2e span tuis; 1e span weg
Vrydag	28 September	-Rapporte
		-Skool sluit 10:30
Dinsdag	2 Oktober	-Me. Estia Groenewald verjaar
Dinsdag	9 Oktober	-Skool heropen
Vrydag	12 Oktober	-Begroting beskikbaar vir insae
Woensdag	17 Oktober	-Spreker: Pickard Henn
Donderdag	18 Oktober	-Mnr. Zanko van Deventer verjaar
Maandag	22 Oktober	-Ouermiddag
Dinsdag	23 Oktober	-Graad 6 Veldskool tot 26 Oktober
Donderdag	25 Oktober	-Algemene Jaarvergadering (begroting)
Maandag	29 Oktober	-Leerlingraadverkiesing

Gedagte van die week

"Make sure your worst enemy doesn't live between your own two ears" – Laird Hamilton

Vriendelike groete

P.W. van Heerden

Mnr. P.W. van Heerden
Hoof